

Hoofstuk van die dag: 1 Timoteus 3

> *Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar. (1 Tim 3:11)*

In verse 1 tot 8 is Paulus besig om te sê watter eienskappe die leiers van die gemeente moet hê. Dit gaan nie vir hom oor

status of stand nie; dit gaan om karaktertrekke. Leiers hoef nie uit die rykes of die slimmes gekies te word nie. Hulle moet van goeie karakter wees (vers 1, 8 en 11). Eintlik geld dit alle lidmate van die gemeente.
Dis natuurlik nie waar ons almal as gelowiges begin nie. Onlangse gelowiges (vers 6) kan dalk sukkel, waarsku hy. As God jou kies om aan Hom te behoort, vat Hy jou net soos jy is, maar Hy los jou natuurlik nie soos jy is nie. Hy werk aan jou karakter, daagliks deur sy Gees, om al hoe meer soos Christus te word (2 Kor 3:18).
Interessant dat hy, wanneer hy oor leiers praat, ook spesifiek vroue noem (vers 11). Waarskynlik was vroue al in Paulus se tyd deel van die leierskap in die gemeente. Vroue is immers nie tweedeklas gelowiges nie. En hulle moet, net soos die (ander?) diakens, onkreukbaar wees (vgl vers 8).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026